22.7 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE BOSVELD : 'N BERYMING VAN DIE LIED VAN MOSES (DEUTERONOMIUM 32:1-43)

1. Agtergrond

1.1 Streeksinode Bosveld het in Oktober 2013 'n Beskrywingspunt van Klassis Krokodilrivier opgeneem in sy Agenda, nl.: ***'n Beryming van die lied van Moses (Deut 32:1-43)***.

1.2 Die Streeksinode is nie amptelik opgeroep om te vergader nie en dringende sake is verwys na 'n buitengewone sitting van Klassis Waterberg (Synodus Contracta).

1.3 Op versoek van Klassis Krokodilrivier is gevra dat die Streeksinode die meriete van die saak beoordeel en aanbeveel vir beoordeling deur die Sinodale Deputate Liturgiese Sake vir moontlike opname in die Psalmbundel.

1.4 Die vergadering het besluit dat gevolg gegee word aan die Beskrywingspunt op die volgende wyse: ***"dat die Beskrywingspunt na die Deputate Liturgiese Sake van die Algemene Sinode deurgestuur word vir opname in die Agenda vergesel van die nodige Rapport van beoordeling en aanbeveling aan die Sinode."***

1.5 Die Beskrywingspunt is in 2013 deurgestuur na die Deputate Liturgiese Sake.

1.6 Na bestudering van die Agenda van Algemene Sinode 2015 wil dit voorkom of dit nie opgeneem is in die Rapporte van die Deputate nie. Die moontlikheid bestaan egter dat dit wel opgeneem kan wees onder die Rapporte wat in die Aanvullende Agenda gepubliseer sal word.

2. Versoek

2.1 Streeksinode Bosveld wil graag seker maak dat die kosbare werk van ouderling Schüring, lidmaat van die GK Thabazimbi, die nodige aandag ontvang.

2.2 Hierby aangeheg die volledige Beskrywingspunt en die nodige Rapport van beoordeling en aanbeveling van Klassis Krokodilrivier en Streeksinode Bosveld.

Toeligter:

Aangesien die Deputate Liturgiese Sake wel die Beryming van die lied van Moses in hulle Aanvullende Rapport, 22.1, 2.4 opgeneem het, word 2.2 as 'n ongepubliseerde Bylae aangeheg.